

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 15 Aug 2018
Page: 12

AVE: 28085.02
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

# Kan Naka-Bulle UP-Tuks stuit?

**Morris Gilbert**

Die groot vraag wat Saterdagmiddag op Loftus Versfeld beantwoord sal word, is of Naka-Bulle die eerste teenstander in 2018 gaan word om UP-Tuks in óf die Carltonbeker-reeks óf die tussen-provinsiale Superliga te stuit.

UP-Tuks het reeds 15 agtereenvolgende oorwinnings agter die rug en boonop ook op 4 Augustus die eerste keer sedert 2015 die houer van die gesogte Carltonbeker ná 'n eindstrydsege van 49-32 oor die einste Naka geword.

As statistieke alleen sukses in die Superliga-eindstryd gewaarborg het, was dit maklik om die uitslag te voorspel. Alles dui daarop dat UP-Tuks die derde keer dié seisoen met Naka behoort af te reken. Selfs Marinus van der Watt, deurwinterde hoofafrigter van Naka, gee toe dat UP-Tuks 'n baie goeie span is en vir seker as gunstelinge op die veld sal draf.

Op sy beurt glo Nico Luus, Van der Watt se eweknie by UP-Tuks, dat "ek, die res van die bestuurspan en die spelers dankbaar-trots is op die uitmuntende seisoen wat ons tot nou toe beleef het, maar ons is almal al te lank by die pragtige spel van rugby betrokke om te glo dat daar gunstelinge in eindstryde is".

"Wat voor Saterdag gebeur het, is nou geskiedenis en al wat saak maak, is watter span die meeste van die laaste 80 minute van die seisoen gaan maak," sê hy.

Hierin sou Luus die volgende in gedagte gehad het:

■ **Dissipline:** Dit is 'n ononderhandelbare vereiste vir welslae in veral eindstryde. Die span wat die minste strafskoppe afstaan en só binne die reëls meeding dat hy nie kaartoortredings begaan nie, sal 'n groot tree nader aan die kampioenskapskroon gee.

■ **Skopwerk – takties en pale toe:** Dit kan die verskil tussen wen en verloor beteken. In die Carltonbeker-eindstryd het UP-Tuks 18 punte met strafdoele behaal wat uiteindelik 'n groot rol in die uitslag gespeel het. Net so kan die belangrikheid van slim taktiese skopwerk nie onderskat word nie.

■ **Afronding:** In enige eindstryd is die kanse om punte aan te teken soveel kosbaarder en plaas dit soveel groter druk op elke span om klinies af te rond.

■ **Verdediging:** So onlangs soos in die Superrugby-eindstryd in Christchurch, Nieu-Seeland, het die Crusaders se verdediging die deurslag in die oorwinning teen die Lions gegee, al het die besoekers meer balbesit en gebiedsvoordeel gehad.

■ **Die grootheid van die oomblik:** Vir baie goeie spelers was die grootheid van die oomblik al oorweldigend. Die span wie se spelers die vinnigste by die druk aanpas en net by dit hou wat in die voorafgaande wedstryde welslae verseker het, sal binne reikafstand van die beker wees.

■ **Karakter en durf:** Dit is gelukkig iets waaroor albei spanne beskik.

**Saterdag se eindstrydbepalings**

**Lofus Versfeld B:** 13:15: Naka-Bulle III t. Tuks III; 15:00: Tuks I t. Naka-Bulle I; 17:00: Tuine I t. Impala II.

**Lofus Versfeld C:** 13:15: Transnetparke II t. Stanza II; 15:00: Pretoria II t. Korrektiewe Dienste II. 17:00: Pretoria I t. Korrektiewe Dienste I.

**Loftus Versfeld D:** 15:00: Tuine III t. Korrektiewe Dienste III; 17:00: Transnetparke I t. Cullinan I.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.